2 Nov 2025

# NG NYLSTROOM-OOS


NG Nylstroom-Oos
www.ngnylstroomoos.com
Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Jacobs 082 499 2751

Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT


## Eredienste

YouTube ngnylstroomoos

09:00 Erediens
Verwelkoming en Teeskink: OGG Hennie Pretorius
Ontvang nuwe intrekkers: Martie Groenewald
Blomme: Gerda van Biljon

## Dagboek

2 - 8 Nov

3: 17:30 FBK vergadering
4: **GEEN** Bybelstudie
5: 18:00 Kerkraadsvergadering

## Gebedslys

Langdurige siekte:
Dirkje Combrink; Pieter van Eeden; Mike van Biljon, Len Robberts, Willie Cloete, Hannetjie Pretorius.
Siektes/operasies:

- Whitey en Annalie van Heerden, se seun én dogter het gesondheid uitdagings.
- Pieter van Niekerk herstel in die hospitaal na hy 'n pasaangeër gekry het.
- Marinda van der Westhuizen, het toetse ondergaan om vas te stel wat haar rug- en beenpyn veroorsaak.
- Gerda van Rensburg is opgeneem in die waakeenheid.
- Ollie Oliver het 'n nekoperasie ondergaan.
- Len Robberts het 'n rugoperasie ondergaan.
- Cedric en Louise Brooks bedank almal vir hulle gebede, hulle wil graag net 'n regstelling deur gee. Cedric is nie gediagnoseer met Alzheimers nie maar wel met die begin stadium van Demensie.
- Marlene van Jaarsveld, se seun, Ruan, sterk tuis aan.

## Nuwe Lidmate

WELKOM!

- Ernst en Marlene van Biljon.

# Gebedsriglyne

26 Okt - 16 Nov 25

A. FOKUS OP GOD

"***Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg"*** Ps 37:5

- Lees Ps 37:1-7 en 23-40 en luister na wat die Heilige Gees hiermee vir jóú; vir elke gelowige; en veral ook vir jongmense in hierdie onsekere en 'onregverdige' tye wil sê.
- Gesels met Hom oor wat jy hoor en die dinge waarmee jy stoei...
  - Lees dan weer die gedeelte totdat jy die vrede van die Here ervaar.

B. DANKBAARHEID

- Dank God dat Hy nie net bewus is van ons omstandighede nie, maar intens betrokke is by elke aspek van ons lewens.
- Dink na oor Sy seën en genade in jou lewe en leef met dankbaarheid en diensbaarheid:
  - Gee jouself as 'n lewende dankoffer aan God (Rom 12:1).
- Dank Hom vir die seën van reën wat uit Sy hand kom"

*"Uit die hemel laat U dit op die berge reën, die aarde word versadig deur die reën wat U gee."* Ps 104:13

C. KERKRAADSVERGADERING

***"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie"*** Spr 3:5

·Gebruik Spr 3:3-10 om te bid vir elke verteenwoordiger op die kerkraad:

oDat besprekings en besluite in biddende afhanklikheid van Christus (die hoof van die kerk) sal gebeur.

D. KINDERS EN JONGMENSE

***"Hoe kan 'n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by U woord"*** Ps 119:9

***"Kennis begin met die dien van die Here..."*** Spr 1:7

- Lees elke week 'n ander teksgedeelte en luister na Salomo se wysheid (wat van God af kom) en lering oor wat vir God belangrik is in ons kinders en jongmense se lewens:
  a)Spr 3
  b)Spr4
  c)Ps 119:1-48
- Gebruik elke week die betrokke skrifgedeelte:
  - Om eerstens jou eie lewe te ondersoek;
  - Om te bid dat ouers (en grootouers) hulle kinders en jongmense met wysheid sal leer en begelei;
  - Om te bid vir ons kinders en jongmense.
- Merk die gepaste teksgedeeltes en gebruik dit om te bid vir kinders en studente wat besig is met eksamens.
  - In die besonder vir matrieks en finalejaar studente wat 'n nuwe (en onbekende) fase van hulle lewe ingaan.
  - Bid ook vir kinders wat intellektueel en emosioneel sukkel om te leer, wat gespanne is en sukkel om te onthou of weer te gee wat hulle geleer het.

B.SEËGEBED

- Seën ons kinders en jongmense wat in hierdie stukkende wêreld hulle pad moet vind uit Jes 1:18-19.

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.

# Jeug













Ds Ewald Springbokvlate preekbeurte:
9, 30 November

# Verjaarsdae

2 - 8 Nov

**2:** Rudi van der Merwe;
**3:** Verette Jonker;
**4:** Paul Zietsman, Ruan Byleveldt;
**5:** Judith Dreyer;
**6:** Jannie Laubscher, Spencer Matthysen;
**7:** Louis Botha, James Findlay, Mia Ferreira;
**8:** Clarise Brits, JC Neethling.

**75 & ouer:**
5: Jimmy Erasmus;
6: Ella van Oudtshoorn, Dries de Jager.

BAIE GELUK!

## Jubelfees '25

**Dit is met opregte dankbaarheid dat ons kan meedeel dat vandat die "Tiendes maand dankoffer" van stapel gestuur is, om die fees se inkomste aan te vul, daar reeds 'n bedrag van R81 950 ingekom het.**

**Baie dankie aan almal se bydrae vir die projek tot dusver.**

## Verkope

Daar is die volgende te koop ten bate van die fees inkomste:

- Droëvrugte - Perskes, pere en geskenkpak;
- Bromelia @ R50;
- Pannekoek deeg @ R30 vir 1lt.

Vir meer inligting kontak gerus die Admin kantoor.

# Ander

## Gemeente 'WhatsApp' Gemeenskap



Skandeer hierdie QR kode om by die Whatsapp gemeenskap aan te sluit. Meer inligting word deurgegee in 'n aparte blaadjie.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.

# NG-Oos kommunikasie

Ons is besig om die interne kommunikasie in die Gemeente saam te voeg sodat alle inligting op een platform beskikbaar sal wees. Vanaf Maandag 3 November sal die 'Whatsapp channel" en die 'broadcast' nie meer gebruik word nie. Indien iemand enige navra het, of hulp benodig, kontak gerus vir Adél by die adminkantoor gedurende kantoorure.

## Whatsapp gemeenskap

Whatsapp gemeenskap is 'n funksie in Whatsapp wat dit maklik maak om inligting vir die gemeente deur te gee op een plek. Indien jy nog nie by die gemeentskap aangesluit het nie neem gerus 'n foto van die 'QR' kode om aan te sluit:

## Sondag afkondigings

Daar sal op die volgende datums gedrukte afkondigings beskikbaar wees by die erediens:

- 2 en 16 November;
- 7 Desember.

Daar is op die Whatsapp gemeenskap 'n groep vir die Sondag afkondigings waarby almal gerus kan aansluit.

## Gemeente dagboek

Saam met die groei van die Whatsapp gemeenskap sal daar later 'n groep gestig word vir die Gemeente dagboek (kalender besonderhede).
**Daar sal nie gedrukte kalenders vir 2026 wees nie.**